

# Man glo met sowat 600 ietermagôskubbe vas

17 March 2020 | [Misdraad](#)



1.



'n Namibiese man, mnr. Hega Nekare, is verlede Dinsdag op Rundu glo met verskeie ietermagôprodukte in hegtenis geneem.

In sy besit is na bewering 611 ietermagôskubbe, een -vel en vyf stukke vel van dié mees gesmokkelde dier ter wêreld gevind.

Op Oshakati is mnr. Hosian Manasse verlede Maandag glo met 'n lewende ietermagô in hegtenis geneem.

Vier verdagtes is ook in verband met renosterstropery of horingsmokkalery of pogings daartoe vasgetrek.

Drie Namibiese mans, mnre. Soye Wedens, Mushandikwe Lutibezi en Jason Lunyandile, is verlede Dinsdag glo met 'n vlakvarkkarkas in hul besit in hegtenis geneem.

Volgens die wildmisdraadverslag van 9 tot 15 Maart van die eenheid vir beskermde hulpbronne (PRU) van die Namibiese polisie en die intelligensie- en ondersoekendeheid van die ministerie van die omgewing en toerisme, is altesaam nege verdagtes in hegtenis geneem en drie sake aanhangig gemaak.